

Mirjam se lied – Opstandingsondag

Exodus 14:10, 13-14, 27-31, 15:1-2, 20 (Matteus 28:1-10)



Miriam the Prophetess: https://en.wikipedia.org/wiki/Miriam#/media/File:Feuerbach_Miriam_2.jpg

I

Mirjam, die suster van Moses en Aaron, was 'n besondere vrou. Al was sy 'n gewone, feilbare mens – die Bybel vertel ook van haar foute, byvoorbeeld toe sy Moses kritiseer het (Numeri 12) – word sy deur die Jode as eerste vroulike profeet vereer, as die vrou wat in die wordingesgeskiedenis van Israel 'n sentrale rol gespeel het. Dink maar net aan haar briljante optrede toe Mirjam as jong dogtertjie die farao se dogter oortuig het om haar boetie Moses, die baba wat in 'n mandjie op die Nylrivier weggesteek was, se lewe te spaar. Daarmee het sy 'n belangrike rol gespeel in

die verhaal van Moses wat later deur God gebruik sou word om die Israeliete uit Egipte te lei.

Nadat die Here die Israeliete dramaties en wonderbaarlik deur die Rietsee gered het, was dit Mirjam wat 'n tamboeryn geneem en 'n oorwinningslied begin sing het. Sy het voorgesing en al die vroue het met tamboeryne agter haar aangeloo, saam gesing en gedans. Volgens Skrifkenners is dit heel waarskynlik sy self wat die hele lied geskryf en getoonset het. Sy het opdrag gegee dat Israel die lied moes sing. Dit is hierdie lied wat die Jode vandag nog elke Sabbat en veral tydens hulle Paasfeesvieringe sing.

II

In poëtiese taal vertel Mirjam se lied die dramatiese verhaal toe die Israeliete vasgevang was tussen die Egiptenare se strydwaens en die see. Hulle was vreesbevange. Maar toe het Moses die volk getroos: “Moenie bang wees nie, staan vas. Bly kalm. Die Here sal vir julle veg.” Die Here se engel wat altyd voor die volk uitgetrek het, het nou agter hulle stelling in geneem, tussen hulle en die Egiptiese soldate. Moses het sy hand oor die see gehou, en toe het die Here 'n wind gestuur om die water weg te dryf. Droogvoets is die Israeliete toe deur die see. Toe die Egiptiese strydwaens hulle agternasit het die water weer teruggetrek agter die Israeliete in en al die perde en strydwaens is deur die see meegesleur en verswelg.

Wanneer Mirjam oor die gebeure sing, beskryf sy dit as 'n wonderwerk wat die Here gedoen het. Dis die God van Israel wat hulle daar gered het met sy kragtige hand, soos deur die dood heen het Hy hulle gered. “Die Here is die oorwinnaar in die stryd, sy naam is “die Here”!

Deur hierdie daad van bevryding het die Here bewys dat Hy verheewe is bo die ander gode. “Wie is soos U onder die gode, Here? Wie is soos U, majestueus in heiligheid, ontsagwekkend in lofwaardige dade? U wat wonders doen...” Nie net oorwin die Here die vyand nie, Hy het ook beheer oor die wind en waters, oor die ganse skepping. Die wind is soos sy asem, waarmee Hy

die see kan droogblaas. Sy dade word bekend onder die volke, sodat hulle sidder. Met sy eie hand red Hy sy volk, soos deur die graf heen, deur die see heen, en Hy plant hulle in die beloofde land, maak hulle tot sy volk op die berg Sion. “Sing vir die Here, want Hy is hoog verhewe” – so roep Mirjam die Israeliete op. ‘n Mooi lied, wat digterlik sing van God wat die dood oorwin en lewe gee. “My krag en sterkte is die Here, en Hy was my redding. Hy is my God en Hom sal ek vereer, die God van my vader, en Hom sal ek verheerlik”

Daarom sing die Israeliete graag Mirjam se lied op hulle Paasfees, herdenk hulle daarmee hulle wording as volk van die Here. Hulle sing dit vrolik en bly, met handeklap en dans. Die lied van ‘n vrou, die lied van die oorwinning van lewe oor dood.

III

Hierdie lied van Mirjam pas nogal by Opstandingsondag. Sondag van Paasfees, die dag waarop ons dit vier dat God sy eie seun deur die dood heen laat gaan het, soos die Israeliete deur die Rietsee, en Hom toe anderkant die graf opgewek het as oorwinnaar oor die dood. In hierdie deurgang deur die dood tot die lewe het Jesus Christus ons meegeneem; ons kan sê dat Hy ons droogvoets deur die see gelei het; Hy het ons wonderbaarlik gered; Hy die grootste en laaste vyand, die dood, verslaan; Hy het ons die lewe geskenk en ons tot sy volk gemaak – erfgename van die ewige lewe, kinders van God in hierdie wêreld.

Dit is nogal veelseggend dat dit weer vroue was wat die eerste lied hieroor gesing het, wat die eerste uitasem kom vertel het van die opstanding, die oorwinning van lewe oor dood. En hulle twee se name was beide ook Maria, die Griekse weergawe van die Hebreeuse Mirjam. Hierdie twee vroue was die eerste getuies, die eerste Christelike profete. Teenoor die skeptiese dissipels het hulle gelowig bevestig: “die Here het opgestaan, Hy het waarlik opgestaan.” Ons het Hom met ons eie oë gesien! Wat ‘n lied!

IV

Wat leer ons uit hierdie twee verhale? Miskien drie dinge:

- (1) In beide die redding deur die see heen, en die verlossing van die graf en die dood, *gaan dit oor God, oor God se krag en almag, sy grootheid, maar veral ook oor sy genade en liefde*. Hy doen dit ter wille van ons, sy skepsels, mense na sy beeld gemaak, om dit wat vanweë die boosheid skeefgeloop en stukkend gebreek het, reg te stel, heel te maak. Hy doen dit uit genade alleen, vir ons wat dit juis nie verdien nie. Daaroor kan ons Hom loof en prys, kan ons gerus handeklap en dans, kan ons elke dag met dankbaarheid en verwonderd oor sy grootheid en goedheid leef. Daaroor kan ons hele lewe soos 'n danklied word.
- (2) Die tweede les wat ons hieruit kan leer is: omdat God só is, almagtig en genadig, vol liefde, daarom kan ons weet *dat die lewe sterker is as die dood*. Daarom kan ons gerus die lewe omhels, dit as geskenk uit God se hand ontvang en dankbaar vier. Die lewe is mooi. Die lewe is kosbaar. Kom ons lééf die lewe! Kom ons verwonder ons aan die lewe, aan die skoonheid en kosbaarheid daarvan. Kom ons dank God elke dag vir die lewe uit sy hand. En kom ons deel die lewe met mekaar, kom ons gee die lewe deur aan ander, kom ons skep vir mekaar leefruimte, kom ons leef met veel groter respek vir die lewe. Kom ons doen dit veral in hierdie dae wat dit lyk of die dood seëvier.
- (3) Die derde les is 'n les vir ons almal, maar dalk veral ook vir ons as mans: Kom ons sien raak *hoe die Here juis vroue roep om te getuig oor die lewe uit sy hand*. Vroue is op besondere manier die draers van die lewe, die getuies oor lewe; hulle help ons raaksien dat die lewe kosbaar is en dankbaar gevier moet word. Dis Mirjam wat die tamboeryn neem en begin sing en dans, met die vroue agterna. En dis die twee Maria's wat hardloop om vir die kleingelowige dissipels te gaan vertel van die opstanding. Kom ons respekteer vroue daarvoor,

en kom ons laat toe dat hulle ons voorgaan in die
danklied oor die lewe uit God se hand.